DIENSBARE LEIERSKAP

Op elke vlak van Die Voortrekkers is daar leiers – spanleiers, kommandoleiers, oordleiers, gebiedsleiers en nasionale leiers.

Wat bedoel Die Voortrekkers as ons praat oor leierskap? Voortrekkers verstaan nie leierskap as ’n posisie of rang nie. In Die Voortrekkers is jy nie eers ’n leier wanneer jy op die leerlingraad dien of as hoofseun, hoofmeisie of kaptein van jou sportspan verkies word nie. Die Voortrekkers beskou elke jeuglid as ’n leier in eie reg en bied aan elkeen die geleentheid om tot sy volle potensiaal as leier te ontwikkel. Die Voortrekkers beskou leierskap as die aanvaarding van verantwoordelikheid en die uitlewing van roeping deur diensbaarheid.

In 1934 het die destydse Hoofleier, dr. NJ van der Merwe, in die eerste HOU KOERS geskryf: Die drie belangrikste prioriteite vir Voortrekkers is om jong Afrikaners te ontwikkel as leiers, leiers en nogmaals leiers.

ROEPING

God roep my vir ’n spesifieke taak in my omgewing om ’n spesifieke nood aan te spreek en ’n verskil vir Hom te maak. Daarvoor gee Hy my gawes, talente en geleenthede.



VERANTWOORDELIKHEID

Die werkwoord in verantwoordelikheid is antwoord. Wanneer God my roep vir ’n spesifieke dienstaak, moet ek Hom antwoord.

BYBELSE LEIERSKAP IS DIENSBARE LEIERSKAP

Elkeen wat sy verantwoordelikheid teenoor God en sy naaste nakom, is ’n diensbare leier. Normaalweg dink ons leiers lei en dienaars dien. Christus lê nie klem op die rol/funksie/eienskappe van ’n leier nie, maar op die aard/motivering/hart van ’n ware leier, naamlik om God en sy naaste te dien. Diensbaarheid is die sleutel om leierskap in Die Voortrekkers te verstaan en verwerklik.

DIENSBAARHEID

Deur diensbaarheid moet ek nou ’n verskil maak. Ek kan nie sit en wag vir ander nie. God roep my persoonlik en daarom moet ek die voortou neem deur my verantwoordelikheid deur diensbaarheid na te kom.

Die Voortrekkers